# Gebedsbulletin
# No. 19 van 2024

## 12 Mei 2024

Vaalpark NG Kerk — Geloofsfamilie

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Spreek God reg aan

Aanspreekvorms maak saak. Mense wil graag reg aangespreek word. Dit geld ook vir God. Die Israeliete het dit geweet. Hulle het Eksodus 3 goed geken. Daar het Moses navraag oor die regte aanspreekvorm vir Godgedoen. Toe het hy eerstehands geleer dat God die HERE is. Om Hom so aan te spreek, dui groot eerbied aan.

Jesus het vir ons 'n nuwe aanspreekvorm vir God geleer. Hy leer ons dat God ons Hemelse Vader is. Op 'n intieme wyse, wat tog ook respek toon, het Hyself God as "Abba" in Aramees aangespreek (Markus 14:36). Terloops, "Abba" beteken nie pappa, soos wat sommiges meen nie. Dit leer ons by Paulus, wat "Abba" gebruik as die Gees se roep tot God hier in ons binneste (Romeine 8:16; Galasiërs 4:6). Dadelik vertaal Paulus dit in Grieks as "Vader" ("patér"). Hy vertaal dit nie met die Griekse verkleinwoord "pappas," wat toe reeds gebruik is nie.

"Abba" was 'n aanspreekvorm van dissipels vir 'n geliefde leermeester. Onderdane het ook hulle koning so genoem en kinders het dit graag vir hul pa's gebruik. "Abba druk intimiteit én respek uit. Presies so ken Jesus vir God. Presies so stel Hy Sy Vader aan ons bekend. As Vader skenk God nuwe lewe aan ons elkeen, wat glo. As Vader lyf Hy ons by Sy nuwe familie in. As Vader sorg Hy vir ons. Maar Jesus leer ons ook om hierdie term reg te gebruik. Ons sê altyd "Ons Vader," nie net "Vader" nie. So leer Jesus ons bid in die "Ons Vader"-gebed.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Willie Britz
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Annetjie Pienaar
Jaap Naudé
Flippie Roslee
Tannie Bets Coetzee
Willie Viljoen
Jurie Matthee
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Poppie Reyneke
Rudi Kruger
Lizel Botha




***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




